## Sondag 21 April Poppekas

## Tema: TV ogies en Bybel oortjies

(Ds. MG laat die kinders voor sit en hulle roep vir Wysmuis om uit te kom.)

Wysmuis: Hallo Maats! Dit is heerlik om by julle te kuier. En ek is opgewonde om met julle 'n boodskap te deel, dit was baie lanklaas wat ons by julle gekuier het. Het julle my gemis? Ek weet ek het vir julle gemis.

Boetie Baba:(opgewonde) Môre Wysmuis, Môre Maats....

Wouter: (Klink kwaad). Hallo.

(Stilte terwyl karakters vir Stoffel vreemd aankyk.)

Wysmuis Wouter, is iets fout?

BB : Haai , siestog, Wouter is seker weer baie moeg. Dit is tog al April maand.

Wouter: Ag , man, julle, Los my uit!

Wysmuis: Wouter, ons is baie lief vir jou en ons wil jou graag help.

BB: Ja, ons wil hê jy moet beter voel

Wouter: Okay, dan moet ek julle seker maar vertel, ek is baie kwaad! I am verry ANGRY!

BB: Kwaad, oohhh Wouter, waaroor is jy kwaad. Kan tog nie so erg wees nie?

Wouter: Ek is kwaad, want my Ma en Pa het die TV se remote weggesteek.

Wysmuis: (Geskok)Nou hoekom het hulle dit gedoen, wonder ek?

Wouter: Mamma en Pappa sê ek kyk teveel TV. En hulle wil hê ek moet meer boeke lees. So nou steek hulle die remote weg.

BB: Hoe kan hulle dit doen? Dit is nie baie mooi nie. Wat kan dit nou doen om n bietjie Peppa PIG, Teletubbies of Paw Patrol te kyk ?

Wouter: Ja, ek mag nie TV kyk nie, maar HULLE sit elke aand en kyk Binnelanders en nog ander baie boring programme op Kyknet.

Wysmuis: O aarde. Ek kan hoor julle is ongelukkig Kom laat ek julle bietjie vra, dink julle dit is sleg om boeke te lees?

BB: Nee dit is nie

Wouter: Nee, dit is nie sleg nie, maar dit vat so baie tyd en ek moet altyd so hard konsentreer.

Wysmuis: Ek hou baie van lees. En as ek mag vra, Wouter ,watter boek wil hulle hê moet jy lees?

Wouter: Die Bybel

Ek weet nie hoekom ek dit ook moet lees nie ,want Dominee ABCDE MG of Dominee Toit lees dit dan al klaar op Sondagoggende vir ons almal.

Wysmuis: Nee WOUTER. Die Dominees sê altyd jy moet dit deur die week ook lees.

Wouter: Ek het nie tyd nie, ek is te besig.

Wysmuis: Nee Nee Wouter, as iets regtig vir ons belangrik is, dan spandeer ons tyd daaraan. Soos vir my is slaap baie belangrik en ek bestee baie tyd daaraan. As Jesus vir jou belangrik is en jy meer oor hom wil leer, dan moet Bybel lees belangrik wees.

Wouter: Ek verstaan nou beter. Dalk is dit nie 'n slegte ding dat hulle die remote weggesteek het nie, maar kan ek die remote vir hulle ook wegsteek as hulle Binnelanders kyk en nie Bybel lees nie?

BB: Ja, ja, Dit is 'n baie goeie plan ! En steek ook die remote weg as hulle die weer kyk, ons weet mos die wind waai elke dag hier!

Wysmuis Ai julle 2. Julle laat my lag. Los nou maar eers die remote en laat pappa en mamma hul programme kyk. Maar ek kan net vir julle vertel, dat geen ander boek in die hele wêreld het my al so gehelp soos die Bybel nie.

Wouter: Ja, Ek stem saam. Lees jou Bybel, Bid elke dag, want dit Gee jou krag!

- Wouter/Stoffel en Wysmuis groet die maats.